Hoe om 'n fakkel te maak

Graad 3 tot 12

Fakkels word dikwels in seremonies gebruik. Fakkels gee luister aan geleenthede soos bv. inlywings- en vuuraansteekseremonies. Gebruik die maak van fakkels ook as ’n veiligheidsles waardeur kinders leer om versigtig met vuur te werk. Dit kan ook gebruik word om die veilige hantering van gereedskap, soos om met ’n skerp mes te werk, te leer. Leer kinders om self fakkels te maak.

Onderwerpe: Seremonies en hantering van gereedskap

Stappe

1. Jy benodig: Riet, draad, ’n blikkie, lampolie of paraffien, mes en ’n ou katoenlap om te brand.
2. Sny kepe in die riet sodat ’n blikkie maklik tussen die dele kan pas.
3. Plaas die blikkie in die riet soos in die foto gewys word.
4. Maak die blikkie met draad vas.
5. Sny ’n stuk kantoenlap.
6. Gooi lampolie oor die lap.
7. Maak nog drade aan die eerste drade wat die blikkie vashou, bo-oor die blikkie se opening oorkruis vas, sodat die olielap nie kan uitval wanneer dit brand nie.

Wenke

1. Ekstra olie of paraffien moet altyd uitgegooi word sodra lappies deurweek is.
2. Hou altyd ’n brandblusser byderhand. ’n Groter blikkie wat bo-oor die fakkelblikkie kan pas sodat vlam gedoof kan word, werk baie goed. Gebruik ook ’n stukkie plank om bo-op die fakkel die vlam toe te druk, of ’n groter houer met sand waarin fakkels onderstebo gedruk kan word.
3. Vir kleiner kinders werk fakkels met kerse in. Gebruik ’n oopgesnyde 2 liter koeldrankbottel. Kinders hou die bottels aan die prop-deel vas. Draai die prop vas en gooi genoeg nat sand daarin om ’n halwe kers in te laat staan. Moenie die bottel te kort afsny nie. Die kers moet nie bo uitsteek nie, anders waai dit dood.

Waarskuwings

1. Die olie kan uitspat. Ekstra olie moet uitgegooi word.
2. **Toesig is baie belangrik!**
3. As mens ’n fakkelloop doen, moet kinders gemaan word om mooi te kyk waar hulle loop.
4. Pasop vir oorhangende takke en ander goed bokant die kinders se koppe wat aan die brand kan raak.